

# VENNOOTSKAPSOOREENKOMS



'n Publikasie van die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging  
(Ingelyfde vereniging sonder winsoogmerk registrasienommer 05/0136/08) Posbus 74789.  
Lynnwood Rif, 0040

## **VENNOOTSKAPSOOREENKOMS**

'n Vennootskapsooreenkoms moet uiteraard sorgvuldig opgestel word. 'n Duidelike, omvattende en billike ooreenkoms beveilig die belange van die partye se afhanklikes, voorkom probleme met inkomstebelasting en verminder die moontlikheid of verhoed selfs dat geskille in die praktyk ontstaan.

Die voornemende vennote moet in beginsel weet waarom en waarvoor hulle kontrakteer, voordat hulle hul voorstelle aan 'n prokureur of aan elke voornemende vennoot se prokureur voorlê vir die opstel en finalisering van 'n vennootskapsooreenkoms. 'n Konsepvennootskapsooreenkoms word hierby aangeheg. Dit is so eenvoudig en ondubbelsinnig moontlik opgestel en dek die punte wat hierna behandel word. Hierdie konsepsooreenkoms moet noukeurig deur die betrokke partye bestudeer word, voordat 'n finale ooreenkoms aangegaan word. Hierdie konsep, asook ander voorbeelde, dien bloot as riglyn. Elke vennootskapsooreenkoms is eiesoortig en deskundige regsadvies is dus noodsaaklik. Indien moontlik moet die konsepsooreenkoms ook aan 'n rekenmeester voorgelê word, aangesien hy moontlik nuttige voorstelle aan die bepaling van praktykwaarde en belastingpligtigheid.

Daar moet in gedagte gehou word dat tensy dit uitdruklik so in die ooreenkoms bepaal word, die ooreenkoms nie later sonder die goedkeuring van al die vennote gewysig kan word nie. Enige verandering in die samestelling van die vennootskap (deur die dood of die uitrede van 'n vennoot, of die toetrede van 'n nuwe vennoot) beëindig die bepaalde vennootskapsverhouding outomaties en 'n nuwe ooreenkoms moet opgestel word ten opsigte van die nuwe vennootskap.

### **GEBRUIKLIKE KLOUSULES**

Die volgende is van die meer belangrike klousules wat gewoonlik voorkom in vennootskapsooreenkomste waarby die mediese professie betrokke is:

#### **AANVANGSDATUM**

Die aanvangsdatum van die vennootskap moet vermeld word. Die datum kan die datum van ondertekening wees of so nie, 'n ander datum wat voor of na die datum van ondertekening val.

## **ONTBINDING**

Die datum van ontbinding kan 'n bepaalde datum wees maar sal gewoonlik die datum van afsterwe, uittrede of bedanking van een of meer van die vennote wees.

## **NAAM VAN VENNOOTSKAP**

Die naam van die vennootskap en die name van al die vennote, maksimum 20, moet volledig vermeld word. Al die vennote se name of die naam van een of sekere van die vennote, saam met die woorde "en vennote" kan as die naam van die vennootskap gebruik word. Die naam van 'n vennootskap mag deur die "nuwe" vennootskap as naam gebruik word, maar 'n nuwe vennootskap ontstaan na die afsterwe, uittrede of toetrede van 'n vennoot.

## **LIGGING VAN DIE PRAKTYK**

Die adres van die praktyk moet aangedui word.

## **BYDRAES**

Die ooreenkoms moet duidelik omskryf wat elke vennoot verplig sal wees om aanvanklik by te dra, hetsy 'n bedrag geld, toerusting of dienste. Indien geld bygedra moet word, moet die datum of datums van betaling vermeld word asook hoe en aan wie die betaling gemaak moet word en of rente betaalbaar is. Daar moet duidelik aangedui word ten opsigte waarvan die bydra is, bv praktykwaarde of kapitaal.

## **BATES**

Die ooreenkoms moet duidelik omskryf wat as vennootskapsbates beskou sal word, d.w.s. presies welke gelde, toerusting, boeke, uitstaande skulde, ens.

## **TREKKINGS EN WINSTE**

'n Vennootskap het uiteraard 'n winsmotief en is dit noodsaaklik dat dit duidelik gestel word welke bedrag elke vennoot maandeliks as trekking sal ontvang asook sy jaarlikse deel van die winste (hetsy 'n vaste bedrag of 'n persentasie van die bruto of die netto inkomste) en ook wanneer en op welke wyse sodanige bedrae betaal sal word. Om 'n vennoot en sy gesin in staat te stel om sinvol te kan begroot, behoort die waarde van die aandeel op enige bepaalde tydstip redelik maklik bepaal te kan word.

## **VERLIESE**

Normaalweg, maar nie noodwendig nie, sal die ooreenkoms bepaal dat die vennote verliese in dieselfde verhouding sal dra as wat hulle die winste deel. Die ooreenkoms moet ook 'n datum bepaal (byvoorbeeld die einde van die boekjaar) waarop die wins-en-verliesrekening opgestel moet word.

## **UITGAWES**

Die ooreenkoms moet aandui watter uitgawes uit die vennootskapsrekening betaal moet word (bv die salarisse van personeel, huur, munisipale belastinge, onderhoud, elektrisiteit, water, meubels, versekering, assistente en locums) en watter uitgawes persoonlik deur elke vennoot gedra moet word (bv vervoer en toerusting).

## **BANK**

Voorsiening moet gemaak word vir die opening van 'n rekening in die naam van die vennootskap by 'n bepaalde bank en vir tekenmagtigings.

## **BOEKHOUDING**

Daar moet behoorlik boek gehou word, verkieslik deur 'n bepaalde vennoot, en 'n staat behoort jaarliks deur 'n ouditeur opgestel te word. Hierdie staat moet deur die vennote onderteken word en elke vennoot moet 'n afskrif daarvan ontvang.

## **VERPLIGTINGE VAN VENNOTE**

Die ooreenkoms behoort te bepaal of die vennote al hulle tyd en aandag aan die vennootskapspraktyk moet wy en of hulle buitebedrywigheede soos byvoorbeeld die lewering van lesings en betrokkenheid by ander Mediese praktyke toegelaat word en, indien wel, of enige inkomste daaruit aan die vennoot persoonlik of aan die vennootskap sal toeval. Dit mag wenslik wees om spesifiek vir nag-en naweekwerk voorsiening te maak.

## **BORGSTELLING**

Daar behoort bepaal te word dat geen vennoot vir enige iemand mag borgstaan of sekuriteit verleen nie. (Hoewel sodanige optrede vanselfsprekend nie die vennootskap sal bind nie, beskerm so 'n bepaling 'n vennoot teen verleentheidskeppende verduidelikings, indien hy om hulp genader word).

## **PRAKTYKVERSEKENING en INDEMNITEITVERSEKERING**

Voorsiening behoort gemaak te word vir omvattende versekeringsdekking. Dit is altyd raadsaam om 'n makelaar hieromtrent te raadpleeg. Die makelaar sal raad kan gee aangaande die beskikbaarheid en die koste verbonde aan byvoorbeeld die versekering van die perseel en die toerusting van die vennootskap, versekeringsdekking ten opsigte van professionele skadeloosstelling, verlies aan inkomste voortspruitend uit siekte, en groepsleuensversekering.

Dit is wenslik dat alle vennote lede van die Professionele Voorsieningsvereniging van SA is en 'n bepaling dat die vennootskap wie verantwoordelik is vir die betaling van lidmaatskapsgelde is aan te bevole. Geen vennoot word egter verplig om 'n lid van so 'n vereniging te word nie. Wat professionele indemniteitsdekking betrek is dit noodsaaklik dat alle vennote lede van die Medical Protection Society moet wees.

## **VAKANSIEVERLOF EN SIEKTEVERLOF**

Duidelik voorskrifte moet bestaan aangaande die tydperke van verlof waarop vennote gedurende enige bepaalde jaar geregtig sal wees. Dit is verkieslik dat een van die vennote aangewys word om na die verlofreëlings om te sien.

## **LOCUM TENENTES**

Die voorwaardes waarop 'n locum tenens deur die vennootskap in die plek van 'n vennoot aangestel mag word, moet bepaal word.

## **AANSTELLINGS**

Daar moet ooreengekom word oor die voorwaardes waaop aanstellings aanvaar mag word, bv of industriële aanstellings die goedkeuring van al die vennote sal vereis, en of dit 'n verpligting sal wees om uit die aanstelling te bedank wanneer die aangestelde persoon die vennootskap verlaat.

## **PROFESSIONELE GELDE**

'n Bepaling dat alle gelde vir die lewering van mediese dienste in die vennootskap se rekening inbetaal moet word, behoort gemaak te word.

## **AFTREE-OUERDOM**

Daar word dikwels bepaal dat vennote by die bereiking van 'n sekere ouderdom moet aftree. Gewoonlik word 'n vennoot as afgetree beskou, indien hy as gevolg van swak gesondheid vir 'n bepaalde tydperk nie kon praktiseer nie. Duidelike bepalinge behoort in hierdie verband gemaak te word.

### **AFSTERWE**

Die uitwerking wat die afsterwe van een van die vennote op die vennootskap sal hê, moet duidelik omskryf word. Tegnies ontbind 'n vennootskap, maar daar kan bepaal word dat 'n nuwe vennootskap op dieselfde voorwaardes onmiddelik tussen die agterblywende vennote ontstaan. Die "nuwe" vennootskapsooreenkoms sal dus dieselfde as die ou een wees.

### **VRYWILLIGE AFTREDE OF BEDANKING**

Ongeag die bepalinge van die ooreenkoms, is 'n vennoot regtens daarop geregtig om te enige tyd uit die vennootskap te bedank. (In sekere omstandighede sal hy skadevergoeding aan die ander vennote moet betaal). Die ooreenkoms behoort daarvoor voorsiening te maak dat redelike kennis van voorneme om af te tree of te bedank, aan al die ander vennote gegee word.

Ooreenkomste verplig gewoonlik 'n vennoot om uit te tree of te bedank in die geval van insolvensie, kranksinnigheid, wangedrag, kontrakbreuk, ens.

'n Uittrede of afsterwe sal, soos hierbo genoem, die vennootskap beëindig. As dit die bedoeling is dat die oorblywende vennote in so 'n geval 'n nuwe vennootskapsooreenkoms sluit, moet 'n bepaling met sodanige strekking in die ooreenkoms ingesluit word.

### **BETALING BY AFTREDE, BEDANKING OF AFSTERWE**

Hierdie aspek van vennootskappe veroorsaak dikwels hoofbrekens beide wat betref formulering en berekening. Alle formules het voor-en nadele. Indien daar bv voorsiening gemaak is dat 'n bepaalde vaste bedrag uitbetaal sal word, mag dit, veral as die ooreenkoms lank bestaan het, onbillik teenoor die uittredende vennoot (of sy bestorwe boedel) wees as geld 'n waardevermindering ondergaan het en die winste gegroei het, insgelyk sal dit onredelik teenoor oorblywende vennote wees indien hulle onverwags 'n groot bedrag geld moet uitbetaal. As die uitbetaling voorts verdiensteverwant is, kan dit die begunstigde benadeel indien sy verdienste met verloop van tyd aansienlik verander het of as die inkomstebelastingsskale onverwags

gewysig word, Die bedrag wat uitbetaal word kan moontlik aangepas word by die aantal jare wat die uittredende of afgestorwene 'n vennoot was.

Een aanvaarbare voorstel is dat die uittredende vennoot sy kapitaalbydrae, wat 'n redelike bedrag sal wees en wat maklik bepaal kan word, uitbetaal word. Dit sal moontlik wees slegs as daar in die boekhoudingsproses 'n duidelike onderskeid getref is tussen die vennootskapskapitaalrekening en die ander rekening. Daar sal voorts geen verband wees tussen sy kapitaalrekening en die bedrag ten opsigte van praktykwaarde wat 'n nuwe vennoot betaal het nie. Om 'n nuwe vennoot, wie se kapitaalrekening in die beginjare vanselfsprekend klein sal wees, te beskerm, kan daar 'n spesiale bepaling wees betreffende die voordele wat by sy uittrede (behalwe deur sy eie toedoen) aan hom betaal sal word, of so nie kan versekering gereël word, Dus, as hy Rx praktykwaarde betaal het, kan terugbetaling op die volgende grondslag geskied:

Eerste jaar	: vier vyfdes van Rx
Tweede jaar	: drie vyfdes van Rx
Derde jaar	: twee vyfdes van Rx
Vierde jaar	: een vyfde van Rx

Plus die bedrag in sy kapitaalrekening.

Die algemene opvatting is dat die bedrag wat 'n vennoot by sy uittrede ontvang, nie as 'n neseier vir sy aftrede beskou moet word nie. Verontagsaming van hierdie standpunt kan tot die nadeel van die oorblywende vennote strek, en daar is bowendien meer doeltreffende maniere waarop vir die toekoms voorsiening gemaak kan word. Die benadering is gevolglik dat dit nie regverdig is om van 'n nuwe vennoot, wanneer hy tot die praktyk toetree, 'n groot betaling te eis sodat hy 'n aansienlike bedrag kan ontvang wanneer hy eendag die praktyk verlaat nie. 'n Redelike bydrae sal verseker dat 'n vennoot wel verkry word wat dan self tydens sy werklewe voorsiening vir sy toekoms na aftrede kan maak.

### **BEPERKING VAN PRAKTISERINGSVRYHEID**

Vennootskapsooreenkomste bepaal dikwels dat 'n uittredende vennoot vir 'n bepaalde tydperk nie die reg het om in die omgewing waar die vennootskapspraktyk beoefen was, te praktiseer nie. So 'n bepaling is regtens afdwingbaar slegs as die beperking billik is wat betref die gebied en die tydperk. Dit is nie moontlik om riglyne hieromtrent neer te lê nie, omdat die

omstandighede van elke geval sal bepaal of die beperkings billik is of nie. 'n Toegeeflike en redelike beperking wat 'n hof moontlik sal afdwing is verkieslik bo 'n streng onbillike een wat 'n hof waarskynlik nietig sal verklaar.

## **ARBITRASIE**

Geskille tussen vennote kan ontstaan, maar lang en duur regsdinge sal vanselfsprekend tot niemand se voordeel strek nie. Dit is dus raadsaam om voorsiening te maak vir 'n arbitrasieklousule wat bepaal dat arbitrasie kragtens die wet op Arbitrasie, 1965, deur moontlik (afgetrede) kollegas uit die Mediese professie sal geskied.

Desember 1995

Saamgestel deur :

Esmé Prins en Braam Volschenk van die Direkoraat: Mediese Etiek & Regsaangeleenthede van die Mediese Vereniging van Suid-afrika in konsultasie met PJ Vivier van prokureurs Borchardt & Hansen, Pretoria.



**VENNOOTSKAPSOORENKOMS  
(NUWE VENNOOTSKAP)**

MEMORANDUM VAN OORENKOMS AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN:

(hierin die Eerste Vennoot genoem)

en

(hierin die Tweede Vennoot genoem)

en

(hierin die Derde Vennoot genoem)

SY DIT Hiermee Kennelik Dat:

**NADEMAAL**

Die partye van voorneme is om in vennootskap met mekaar te praktiseer onder die naam \_\_\_\_\_;en

Dit wenslik is dat die terme en voorwaardes waaronder hulle met mekaar in vennootskap sal praktiseer op skrif gestel word;

**NOU DERHALWE KOM DIE PARTYE SOOS VOLG OOREEN**

**1. TOTSTANDKOMING VAN VENNOOTSKAP:**

Die partye kom ooreen dat ongeag die datum van ondertekening hiervan, om gereken vanaf \_\_\_\_\_ vir 'n onbepaalde tyd en onderhewig aan die latere bepalings van hierdie vennootskapsoorenkoms, in vennootskap met mekaar te praktiseer vir die doeleindes soos meer volledig hierinlater uiteengesit.

## **2. AARD VAN VENNOOTSKAP:**

Die vennootskap tussen die partye word gesluit met die doel om 'n geneeskundige praktyk en alles wat daarmee verband hou te bedryf.

## **3. VENNOOTSKAPNAAM EN ADRES:**

Die vennootskap, soos hierbo uiteengesit, sal bedryf word onder die naam

en te

## **4. BELANG VAN DIE VENNOTE:**

4.1 Die persentasiebelang wat elke vennoot in die vennootskap sal hou is soos volg:

4.1.1 Eerste vennoot:

4.1.2 Tweede vennoot:

4.1.3 Derde vennoot:

4.2 Indien fondse dit toelaat sal die partye die volgende maandelikse salarisse, of trekkings in afwagting van winste na gelang die geval, ontvang welke salarisse of trekkings jaarliks hersien sal word:

4.2.1 Eerste vennoot

4.2.2 Tweede vennoot:

4.2.3 Derde vennoot:

4.3 Ingeval die derde vennoot nie dieselfde persentasiebelang as die ander vennote, by die aanvang hiervan hou nie, sal hy egter te enige tyd daarna (of na 'n tydperk van 12 maande vanaf datum hiervan) geregtig wees om 'n verdere persentasiebelang van die ander vennote in die vennootskap aan te koop sodat elke vennoot uiteindelik 'n 33

1/3de% belang in die vennootskap hou. Die verkoop en koop van 'n belang sal op die volgende terme en voorwaardes geskied:

- 4.3.1 Die koopprys van 'n 1% belang sal R\_\_\_\_\_ beloop en sal betaalbaar wees in kontant op datum van aankoop.
- 4.3.2 Die derde vennoot sal geregtig wees om na 'n tydperk van 12 maande vanaf datum hiervan 'n \_\_\_\_\_% belang van die ander vennote te koop en na 'n verdere 12 maande periode die balans ten einde 'n 33 1/3de% belang daar te stel
- 4.4 Aan die einde van elke boekjaar word die netto wins van die vennootskap ooreenkomstig die partye se persentasiebelang verdeel en toegewys en verdere uitbetalings indien enige aan die vennote gemaak en indien daar 'n verlies sou wees, word sodanige verlies ook ooreenkomstig hul persentasiebelang gedra.

## **5. VERGADERINGS**

- 5.1 Enige vennoot is geregtig om 'n vennootskapsvergadering met redelike kennisgewing aan die ander vennote te belê, rakende enige vennootskapsaangeleentheid.
- 5.2 Alle besluite word geneem by wyse van meerderheidsbesluit met inagneming van die persentasiebelang wat elke vennoot hou.
- 5.3 Notules van elke vergadering sal gehou word, welke notules sal dien as die te boekstelling van die besluite van die vennootskap.

## **6. DIE VENNOOTSKAP SE REKENKUNDIGE BOEKE:**

- 6.1 Daar sal te alle tye intern deur die vennootskap, op 'n rekenkundige wyse boek gehou word van alle transaksies van die vennootskap.
- 6.2 Gemelde boekhouding sal te alle tye geskied in ooreenstemming met die erkende en heersende beginsels van boekhouding en met inagneming van en voldoening aan alle sodanige regsvoorskrifte as wat van tyd tot tyd daarop van toepassing mag wees.
- 6.3 Alle boeke en dokumente wat in verband met hierdie doel nodig mag word, sal te alle tye in veilige bewaring gehou word en salt e alle tye vir elke vennoot toeganklik wees.
- 6.4 Geeneen van die vennote sal die reg hê om sodanige boeke en/of dokumente ter insae te stel aan enige ander persoon, firma of instansie nie, alvorens die ander vennote se voorafverkreë skriftelike toestemming daartoe nie ontvang is nie.

6.5 Die boekjaar van die vennootskap sal eindig op die 28ste dag van Februarie van elke jaar.

## **7. DIE VENNOOTSKAPSOUDITEURE**

7.1 Die vennootskap sal die boekhouding van die besigheid van die vennootskapjaarliks so gou doenlik na die 28ste dag van FEBRUARIE van elke jaar op koste van die vennootskap deur 'n eksterne praktiserende ouditeur wat deur die vennootskap aangestel is, laat nasien en audit. So spoedig moontlik daarna moet die ouditeur 'n behoorlike balansstaat van die sake van die vennootskap soos by sluiting van besigheid op die 28ste dag van Februarie van elke jaar aan die vennootskap beskikbaar stel. Verdere finansiële state, soos wat van tyd tot tyd nodig mag blyk te wees en/of regtens vereis mag word sal deur sodanige ouditeure op versoek van die vennootskap voorberei en opgestel word.

7.2 Gemelde balansstate en/of ander finansiële state sal by elke geleentheid deur die vennote gesamentlik onderteken word en elke vennoot sal geregtig wees op 'n afskrif van elke sodanige staat, maar elke vennoot sal verplig wees om sodanige afskrif te alle tye slegs vir persoonlike gebruik aan te wend en sal te alle tye verplig wees om dit in veilige bewaring te hou.

7.3 Geeneen van die vennote sal te enige tyd en op welke wyse ookal en vir welke doel ookal, die reg hê om enige inligting hoegenaamd wat op die balans en/of ander finansiële state mag voorkom, of daaruit mag voortspruit of wat daaruit afgelei kan word, sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die ander vennoot(e) aan enige ander persoon, firma of instansie bekend te maak nie en die balansstaat en ander finansiële state, die inligting daarop vervat, of voortspruitende daaruit, sal te alle tye deur die vennote as vertroulik beskou word, Die vennote sal die reg hê om die verbreking van voorgaande voorwaardes as 'n materiële verbreking van die bepalinge van hierdie ooreenkoms te beskou.

## **8. BANKIERS**

- 8.1 Die vennootskapsrekening/rekeninge, welke rekening/rekeninge benodig sal word vir die behoorlike en doeltreffende funksionering van die besigheid van die vennootskap, sal by sodanige bankiers gehou word as waartoe die vennote van tyd tot tyd mag besluit.
- 8.2 Alle gelde vir watter doel en van welke bron ookal, wat deur die vennootskap ontvang word, sal in sodanige gemeenskaplike vennootskapsrekening/rekeninge gedeponeer word en alle uitbetalings deur die vennootskap, uitgesonderd sodanige verpligtinge as wat normaalweg en redelikerwys uit kleinkas gedelg kan word, sal per tjek en getrek teen die vennootskapsrekening, betaal word
- 8.3 Elke vennoot mag tjeks trek op die vennootskapsrekening vir die voortsetting van die vennootskapsbesigheid.
- 8.4 Die vennote kom ooreen om van tyd tot tyd sodanige kredietfasiliteite ten opsigte van die vennootskapsrekening by die vennootskap se bankiers te reël as wat benodig mag word, ten einde bedryfskapitaal te voorsien en/of die vennootskapsbesigheid op 'n doeltreffende wyse te laat funksioneer.

## **9. PLIGTE VAN DIE VENNOTE:**

- 9.1 Die vennote sal so gou doenlik na ondertekening hiervan tydens 'n vennootskapsvergadering 'n besturende vennoot aanwys (welke vennoot jaarliks aangewys sal word) en wat namens en ten behoeve van die vennootskap die administrasie van die vennootskap sal bestuur en wat sal toesien tot die uitvoering van die tersaaklike administratiewe handeling hierkragtens gestel. Die besturende vennoot is hiermee gemagtig om alle dokumentasie ter uitvoering hiervan namens die vennootskap te onderteken.
- 9.2 Die vennote sal hulleself te alle tye op 'n behoorlike, eerbare en toegewyde wyse toelê op die werk van die vennootskap en tot bevordering en uitbouing van hul geneeskundige praktyk in die algemeen. Geeneen sal 'n direkte of indirekte belang hê of verkry in enige ander vennootskap van 'n soortgelyke aard nie, behalwe soos onderling tussen die vennote ooreengekom mag word.

- 9.3 Die vennote sal in alle sake rakende die vennootskap ten volle openhartig teenoor mekaar wees.
- 9.4 Elke vennoot sal die belange van die vennootskap behartig asof dit sy eie besigheid is en sal verder alles in sy vermoë doen om die vennootskap op 'n winsgewende basis te bedryf altyd egter aan die hand van toepaslike mediese norme en standaarde.
- 9.5 Geeneen van die vennote sal sonder die medewete en skriftelike goedkeuring van die ander vennoot(e):
- 9.5.1 enige bates of gelde, behorende aan die vennootskap vir persoonlike doeleindes aanwend nie of die krediet van die vennootskap verbind of enige skuld teen die vennootskap aangaan nie, anders as in die normale loop van die besigheid en tot voordeel van die vennootskap nie;
- 9.5.2 geen kompromie, vrystelling of ontslag van enige verskuldigde bedrag aan die vennootskap aangaan nie;
- 9.5.3 persoonlik borg staan of sekuriteit verskaf aan enige individu of regspersoon nie.

## **10. VAKANSIE VERLOF EN SIEKTEVERLOF:**

### Vakansie Verlof:

- 10.1 Elke vennoot is geregtig op vakansie verlof van 25 werksdae per jaar, (of op sodanige verlof per jaar as waarop die vennote van tyd tot tyd met mekaar mag ooreenkom). Die vakansie verlof sal geneem word op sodanige tyd as waarop die vennote onderling met mekaar mag ooreengekom.

### Siekteverlof:

- 10.2 Elke vennoot is geregtig op 10 werksdae siekteverlof per jaar of op 'n tydperk van 30 werksdae siekteverlof per elke 3 jaa siklus, met behoud van sy volle trekking teen winste of salaries na gelang van die geval.
- 10.3 Dit word op rekord geplaas dat al die vennote lede van die Professionele Voorsieningsvereniging van S.A. (P V V) is. Ingeval die een of ander vennoot nog nie lid

is van P V V nie, onderneem sodanige vennoot om binne 30 dae vanaf datum hiervan lid van P V V te word.

- 10.4 In geval van siekte van 'n vennoot is daardie betrokke vennoot verplig om onmiddellik aansoek te doen vir die uitbetaling van sy voordele vanaf die P V V en moet al sodanige inkomste en/of ontvangstes vanaf P V V in die vennootskap tree of P V V ophou om dit te betaal. Hierdie ontvangstes sal deur die vennootskap aangewend word ter gedeeltelike betaling van die wins of die salaries wat aan 'n vennoot mag toekom.. Alternatiewelik sal die P V V bydrae aan die bepaalde vennoot wat daarop geregtig is, in verrekening met sy salaries of wins gebring word.

## 11. **VERSEKERING:**

- 11.1 Elke vennoot is verplig om 'n lewens-en ongeskiktheidsversekering met 'n kapitale waarde van nie minder nie as R\_\_\_\_\_ vir doelindes van hierdie Vennootskap, en op mekaar se lewens, by 'n ooreengekome gereistreerde versekeningsmaakskappy uit te neem
- 11.2 Daarbenewens is elke vennoot verplig om vir die duur van die vennootskapindemnitiesdekking uit te neem in die vorm van lidmaatskap van of "The Medical Defence Union Limited" of "The Medical Protection Society Limited". Die besonderhede waarvan deur die besturende vennoot verkry moet word by die Mediese Vereniging van Suid-Afrika. Bewys van lidmaatskap moet deur elke vennoot by ondertekening hiervan by die vennootskapskantoor ingehandig word, Die lidmaatskap moet jaarliks hernu word en sodanige hernuwing moet telkens by die vennootskapskantoor geliasseer word.
- 11.3 Die premies op die lewens-en ongeskikteheidsversekering en indemniteitversekering sal deur die vennootskap betaal en teen die leningsrekening van die betrokke vennoot gedebiteer word.
- 11.4 Die opbrengs van die lewens-en ongeskikteheidsversekeringpolis van die onderskeie vennote moet binne 30 dae vanaf datum hiervan by die kantoor van die vennootskap geliasseer word en is ter insae vir enige vennoot beskikbaar.

## 12. ONTBINDING VAN DIE VENNOOTSKAP:

12.1 Bo en behalwe enige ander regsvoorskrifte wat op die ontbinding van vennootskappe van toepassing mag wees en bo en behalwe enige ander gronde van ontbinding vermeld in hierdie ooreenkoms, sal die vennootskap wat tussen die partye bestaan en meer spesifiek by die plaasvind van een of meer van die volgende gebeurtenisse, ontbind en sal die voorskrifte soos hieronder uiteengesit ten opsigte van elke grond van ontbinding, tussen die partye van toepassing wees:

12.1.1 die dood van enigeen van die vennote;

12.1.2 drie maande skriftelike kennisgewing van uittrede deur een of meer van die uittredende vennote gerig aan die oorblywende vennote;

12.1.3 kennisgewing deur die meerderheid van die vennote aan 'n ander vennoot wat hom skuldig maak aan die verbreking van die voorwaardes van hierdie ooreenkoms en/of aan wangedrag en/of aan die onherstelbare skending van die onderlinge vertrouwe en goeie gesindheid tussen die vennote. Sodanige kennisgewing kan ook gegee word aan 'n vennoot wat nie voldoen aan die aanvaarde Mediese standaard wat aan 'n geneesheer gestel word nie, en/of wat nie behoorlik omsien na 'n pasiënt van die vennootskap nie, en/of waar 'n vennoot van die rol van geneesheer geskrap word en/of waar daar 'n beperking deur die Interim Nasionale Mediese en Tandheelkundige Raad van Suid-Afrika, of die se opvolger in regte, op 'n vennoot werksaamhede as geneesheer geplaas word. Die kennisgewing waarna in hierdie klousule verwys word sal egter slegs gegee kan word:

(a) Nadat die betrokke vennoot kennis gegee is om 'n vergadering by te woon wat gehou sal word deur die vennote en waarin die betrokke vennoot aangesê word om te antwoord op die bewerings teen hom gemaak; en

(b) Die betrokke vennoot tydens sodanige vergadering die geleentheid gegee is om daarop te antwoord; en

(c) Na sodanige vergadering, die vennote by meerderheidsbesluit besluit het om die kennisgewing van beëindiging aan die betrokke vennoot te gee

12.1.4 Uittrede weens ouderdom soos hierin bepaal;

12.1.5 Onderlinge ooreenkoms tussen die partye;

12.1.6 Die volgehoue afwesigheid weens siekte van 'n vennoot en sy gevolglike uittrede



## 12.2 ONTBINDING DEUR DIE DOOD VAN ENIGEEN VAN DIE VENNOTE:

12.2.1 Waar die vennootskap ontbind word deur die dood van enigeen van die vennote, sal die oorblywende vennote in hulle eie diskresie die eerste reg hê om die bates van die vennootskap oor te neem en die besigheid van die vennootskap, wat aldus ontbind word, op dieselfde terme en voorwaardes soos hierin vervat, voort te sit;

12.2.2 Die eksekuteurs, erfgename en/of regsverkrygendes van sodanige oorlede vennoot sal by die dood van so 'n vennoot geregtig wees op die volgende:

12.2.2.1 die bedrag tot krediet van die afgestorwe vennoot se kapitaalrekening in die vennootskap, welke bedrag so spoedig moontlik maar in elk geval binne 'n periode van (12) twaalf maande deur die oorblywende vennoot(e) oorbetaal sal word aan die eksekuteurs, erfgename en/of regsverkrygendes van sodanige oorlede vennoot; en

12.2.2.2 die afgestorwe vennoot se aandeel tot inkomste verdien ten opsigte van werk gedoen voor afsterwe maar waarvan betaling nog nie geskied het nie, welke bedrag volgens erkende rekenkundige beginsels bepaal sal word, en wat so spoedig as moontlik daarna en in elk geval binne 'n periode van (12) twaalf maande na bepaling van sodanige oorlede vennoot se aandeel in hierdie verband aan sodanige afgestorwe vennoot se eksekuteurs, erfgename en/of regsverkrygendes uitbetaal sal word; en

12.2.2.3 'n Bedrag gelykstaande aan die oorlede vennoot se persentasiebelang in die vennootskap tot die kapitale bedrag van die versekeringspolis, welke bedrag betaalbaar is uit die opbrengs van die versekeringspolis wat vir die vennootskapsdoeleindes soos hierin bepaal, uitgeneem is en welke bedrag as die klandisiewaarde vir doeleindes van hierdie klousule beskou sal word.

Indien die versekeringsmaatskappy by wie sodanige polisse uitgeneem is na afsterwe van 'n vennoot sou weier om sodanige polis aan die oorblywende vennoot(e) uit te betaal om welke rede ookal sal die regsverkrydes van sodanige oorlede vennoot; en oorlede vennoot se eksekuteurs, erfgename en/of regsverkrygendes niteenstaande enigiets hierbo vermeld, nie geregtig wees op enige aandeel in die klandisiewaarde wat die afgestorwe vennoot mag gehad het nie, maar sal die eksekuteurs, erfgename en/of **regsverkrygendes** geregtig wees op enige terugbetaalde gelde ten opsigte van die

terugbetaalde premies en die oorlede vennoot se kapitaalrekening en gelde nog uitstaande.

12.2.3 Ingeval van weiering om uit te betaal, deur die versekeringsmaatskappy soos hierbo uiteengesit, sal die eksekuteurs, erfgename en/of regsverkrygendes egter die reg hê om op eie koste die versekeringsmaatskappy regtens aan te spreek vir spesifieke nakoming of andersins. Ingeval die aksie suksesvol is, sal die opbrengs daarvan ooreenkomstig die bepalings hiervan verdeel word.

### **12.3 ONTBINDING DEUR KENNISGEWING VAN UITTREDE DEUR KENNISGEWING VAN ONTBINDING**

12.3.1 Waar die vennootskap ontbind word, vanweë die gronde vermeld in paragraaf 12.1.2. en 12.1.3 sal die oorblywende vennote volgens hulle eie diskresie die eerste reg hê om die besigheid van die vennootskap wat aldus ontbind word voort te sit en die bates en laste daarvan oor te neem;

12.3.2. Die uitvoerende vennoot sal op datum van uittrede geregtig wees op sy aandeel, in die vennootskap ten opsigte van ameublement, toerusting, uitstaande debiteursrekening en kontant op hande, min sy gelykwaardige persentasiebelang in enige las van die vennootskap. Daarbenewens sal die uittredende vennoot ook geregtig wees op die betaling aan hom van klandisiewaarde bereken ooreenkomstig klousule 12.3.5. hiervan. Indien sodanige uittredende vennoot te enige tyd binne die eerste 12 maande na sodanige uittrede as geneesheer praktiseer, sonder die skriftelike toestemming van die oorblywende vennote, welke toestemming nie onredelik geweier sal word nie, sal jy nie geregtig wees op die betaling aan hom van enige klandisiewaarde nie. Indien hy egter nie as geneesheer praktiseer nie sal hy geregtig wees op die betaling aan hom van die klandisiewaarde. Die aandeel in die vennootskapsbelang (buiten die klandisiewaarde) sal bepaal word volgens erkende rekenkundige en of ander ooreengekome metodes.

12.3.3 die uittredende vennoot sal op datum van sy uittrede verder geregtig wees op die bedrag van sy kapitaalrekening soos op datum van sy uittrede;

12.3.4 Enige Mediese diens wat aan pasiënte verrig moet word, sal deur die oorblywende vennote gedoen word.

12.3.5 Die klandisiewaarde word soos volg bereken:

12.3.5.1 By uittrede van 'n vennoot gedurende die eerste 12 maande vanaf datum van ondertekening hiervan sal die klandisiewaarde bereken word deur die vermenigvuldiging van die persentasie aandeelhouding van daardie betrokke vennoot met die bedrag van R.....

12.3.5.2. In geval 'n vennoot enige tyd daarna uittree dan sal die klandisiewaarde bereken word met verwysing na die betrokke vennoot se bruto fooie die afgelope 12 maande vermenigvuldig met 2 vermenigvuldig met die persentasie aandeelhouding van die uittredende vennoot.

12.3.6 Enige bedrae wat aan die uittredende vennoot verskuldig mag word, uit hoofde van sy uittrede uit die vennootskap op die gronde hier van toepassing, sal aan sodanige uittredende vennoot betaal word in gelyke paaidemente binne 'n periode van 60 maande. Sodanige verskuldigde bedrag sal rente bedra teen die toepaslike prima rentekoers min 5%.

12.3.7 Die uittredende vennoot sal hangende enige uitstaande bedrag ingevolge klousule 12.3.2 en 12.3.3 nie geregtig wees op die versekeringspolis hierbo na verwys nie en sal die vennootskap terselfdertyd verplig wees om die premies op sodanige polis te betaal tot en met finale betaling van die uitstaande bedrag in paragraaf 12.3.6 verwys of tot en met datum van afsterwe van sodanige uittredende vennoot. Indien die uittredende vennoot te sterwe sou kom voor betaling van die bedrag aan hom verskuldig, sal die opbrengs van die gemelde versekeringspolis deur die vennootskap aangewend word ooreenkomstig die bepalings van kousule hierbo. By uittrede bly die poliskontrak die eiendom van die uittredende vennoot, behalwe as die partye anders daarvoor ooreenkom.

12.3.8 Indien die oorblywende vennoot (e) sou besluit om nie die geneeskundige praktyk voort te sit nie kan die vennootskap gelikwideer of ontbind word en die netto-opbrengs daarvan, indien enige, sal ooreenkomstig elke vennoot se persentasiebelang aan die onderskeie vennote uitbetaal word. In geval die oorblywende vennoot/vennote egter die vennootskap voortsit sal die verpligting tot uitbetaling van die bedrag na verwys in klousule 12.3.2 en 12.3.3 voortbestaan.

#### **12.4 UITTREDE WEENS OUDERDOM:**

12.4.1 Enige vennoot mag op die ouderdom van Sestig (60) jaar aftree, maar sal verplig wees om teen die ouderdom van Vyf en Sestig (65) jaar uit die vennootskap te tree tensy die partye andersins ooreenkom.

12.4.2. In hierdie geval sal die bepalings van klousule 12.3.2. tot 12.3.8 mutatis mutandis van toepassing wees.

#### **12.5 ONTBINDING DEUR OOREENKOMS:**

12.5.1. Die vennote kan te enige tyd gedurende die bestaan van die ooreenkoms onderling ooreenkom om die vennootskap to ontbind. In so 'n geval sal 'n likwidateur deur die vennootskap aangestel word wat die vennootskapsbates kan likwideer en die netto opbrengs daarvan ooreenkomstig elke vennoot se persentasiebelang aan die vennote betaal.

12.5.2. Ingeval die vennootskap ontbind, is elke vennoot verantwoordelik om die pasiënte wat hy behandel het in kennis te stel van die ontbinding en om sodanige pasiënte meet e deel wie voortaan die leer van die betrokke pasiënt sal hanteer.

#### **12.6 ONTBINDING NA VOLGEHOUE AFWESIGHEID AS GEVOLG VAN SIEKTE**

12.6.1 Die vennote kan te enige tyd gedurende die bestaan van die ooreenkoms onderling ooreenkom om die vennootskap te ontbind. In so 'n geval sal 'n likwidateur deur die vennootskap aangestel word wat die vennootskapsbates kan likwideer en die netto opbrengs daarvan ooreenkomstig elke vennoot se persentasiebelang aan die vennote betaal.

12.6.2 Ingeval die vennootskap ontbind, is elke vennoot verantwoordelik om die pasiënte wat hy behandel het in kennis te stel van die ontbinding en om sodanige pasiënt mee te deel wie voortaan die leer van die betrokke pasiënt sal hanteer.

#### **12.7 ONTBINDING NA VOLGEHOUE AFWESIGHEID AS GEVOLG VAN SIEKTE**

Indien die oorblywende vennote ingeval van volgehoue afwesigheid weens siekte van 'n vennoot soos bedoel in paragraaf 12.1.6 hulle diskresie sou uitoefen om die vennootskap te ontbind, of indien 'n vennoot permanent medies ongeskik word, en as gevolg daarvan nie sy werk kan doen nie, (welke ongeskiktheid bepaal moet word deur die versekeraars wat die lewens- en ongeskiktheidsversekeringspolis onderskryf), sal die volgende bepalings dan van toepassing wees:

- 12.7.1 die oorblywende vennote sal die reg hê om die bates van die vennootskap oor te neem en die besigheid van die vennootskap voort te sit;
- 12.7.2 wat betref die uitredende vennoot sal die bepalings van klousules 12.3.2 tot 12.3.8 mutatis mutandis van toepassing wees, ingeval van die volgehoue afwesigheid van die vennoot en in geval van permanente ongeskiktheid soos hierin bedoel sal die bepalings van klousules 12.2.2.1 tot 12.2.2.3 van toepassing wees.
- 12.7.3 indien die oorblywende vennote sou besluit om in hierdie geval nie die besigheid van die vennootskap voort te sit nie en nie die bates en laste daarvan oor te neem nie, sal die vennootskap gelikwideer word en sal klousule 12.5 van toepassing wees.

### 13. **KLANDISIEWAARDE**

Bo en behalwe die voorafgaande bepalings van hierdie ooreenkoms, sal geen addisionele of ander bedrae of vergoeding van welke aard ookal, ten opsigte van klandisiewaarde oor en weer deur die vennote aan mekaar verskuldig wees of word nie.

### 14. **BORGSKAP**

Behoudens die bepalings van klousule 9.5.3 sal die partye in hulle persoonlike en gesamentlike hoedanigheid borg teken vir enige oortrokke rekening en ander skulde in die vennootskap in verhouding tot hulle aanhouding, tensy die finansiële instelling vereis dat al die vennote gelykwaardige aanspreeklikheid moet opdoen, in welke geval elkeen sodanige verpligting moet opneem.

### 15. **ARBITRASIE**

- 15.1 Ingeval van enige geskil tussen die partye wat ontstaan uit of in verband met hierdie ooreenkoms sal sodanige geskil na arbitrasie verwys word.

- 15.2 Die vennote moet 'n arbiter aanwys en by gebreke van 'n ooreenkoms tot die aanstelling, sal 'n advokaat, prokureur of ouditeur met minstens 10 jaar praktiese ondervinding, deur die ouditeur van die vennootskap as arbiter aangestel word.
- 15.3 Die prosedure vir die arbitrasieverrigtinge sal deur die ouditeur van die vennootskap as arbiter aangestel word.
- 15.4 Die beslissing van die arbiter sal as 'n finale beslissing deur die partye aanvaar word.

## **16. KONTRAKBREUK**

Indien enige vennoot 'n materiële bepaling of voorwaarde van hierdie ooreenkoms verbreek, sal die benadeelde vennote nadat 'n besluit daartoe geneem is, geregtig wees om die versuimende vennoot skriftelik in kennis te stel van die versuim en waarin van hom geëis word om die versuim binne 30 dae na datum van ontvangs van sodanige skrywe reg te stel by gebreke waarvan die vennootskap kragtens die bepalings van hierdie ooreenkoms kan optree, en onder andere die vennootskap ontbind, alternatiewelik die versuimende vennoot waarsku om die verbreking van hierdie ooreenkoms reg te stel, (indien dit regstelbaar is) alternatiewelik in bepaalde gevalle spesifieke nakoming van die versuimende vennoot eis.

## **17. DOMICILIUM**

Die partye kies as hulle domicilia citandi et executandi vir alle doeleindes hiervan, hetsy van hofverrigtinge, kennisgewings of ander dokumente, die volgende adresse:

Eerste vennoot:

Tweede vennoot:

Derde vennoot:

## **18. KENNISGEWINGS**

- 18.1 Bogenoemde adresse kan te enige tyd gewysig word deur 'n skriftelike kennisgewing tot daardie effek deur die een vennoot aan die besturende vennoot.

18.2 Enige kennisgewing aan 'n party gestuur per geregistreerde pos na hom by sy domicilium sal geag word ontvang te gewees het op die 4de dag nadat dit gepos is.

**19. BEPERKENDE VOORWAARDES:**

Elke vennoot onderneem:

19.1 Om gedurende die termyn van hierdie ooreenkoms nie sonder die skriftelike goedkeuring van die vennootskap regstreeks of onregstreeks betrokke te wees by die verskaffing van Mediese dienste vir of namens enige ander Mediese praktyk in welke vorm ookal nie; en

19.2 Om nie te enige tyd gedurende die loop van of an beëindiging van hierdie ooreenkoms enigiets te doen of te sê wat bereken is om die reputasie van die vennootskap af te takel nie; en

19.3 Om ingeval van uittrede uit die vennootskap soos bedoel in klousules 12.1.2, 12.1.3 en 12.1.4 hiervan , nie binne 'n omtrek van 20 kilometer vanaf die vennootskapspraktyk of praktyke regstreeks of onregstreeks as geneesheer te praktiseer nie. Hierdie verbod hou ook in dat sodanige uittredende vennoot nie geregtig is om telefoniese opdragte en/of besprekings van pasiënte binne die 20 kilometer radius te ontvang nie.

ALDUS GEDOEN en GETEKEN te .....op .....

AS GETUIES :

1. ....

\_\_\_\_\_

EERSTE VENNOOT

2. ....

ALDUS GEDOEN en GETEKEN te .....op .....

AS GETUIES :

1. ....

\_\_\_\_\_

TWEEDE VENNOOT

2. ....

ALDUS GEDOEN en GETEKEN te .....op .....

AS GETUIES :

1. ....

\_\_\_\_\_

DERDE VENNOOT

2. ....

